

First National Bank
Branch No 252005
Account No 62051071000
Please put your Name on the Deposit.

Boeke Beskikbaar

Boek	Prys
Jaarboek 1	R30
Jaarboek 2	R30
Jaarboek 3	R30
Jaarboek 4	R50
Jaarboek 5	R50
Jaarboek 6	R50
Jaarboek 7	R50
Jaarboek 8	R50
Kweek van Clivias	R50
Cultivation of Clivias	R50
CD: Rudo Lotter / "Interspecific Hybrids"	R125
Kontak Persoon: Morkel Terblanche / 083 303 7825	

Free State

Vrystaat

Clivia Club

Clivia Klub



Newsletter / Nuusbrief

7

Autumn / Herfs 2007

PORTEFEULJE : NUUSBRIEF

REDAKSIE

- Jan Stemmet
- Ina Leamy
- Koot van Rensburg
- Attie van der Colf

CLIVIA-KLUB

KOMITEE-LEDE

Voorsitter	:	Hennie van der Mescht
Onder-voorsitter	:	Neil Nathan
Sekretaris	:	Morkel Terblanche
Finansies	:	Neil Nathan
Publieke Skakeling en Advertensies	:	Ina Leamy Tjocks Visser
Navorsing	:	
Nuusbrief	:	Jan Stemmet
Skou	:	Piet Laubscher

DIE VOLGENDE PERSONE KAN GERAADPLEEG WORD VIR HULP EN LEIDING

* Hennie van der Mescht	051-5229530
* Piet Laubscher	051-5228963
* Ina Leamy	051-5224882
* Prof. Johan Spies	051-4511886
* Neil Nathan	051-5226236

Skakel verkieslik na 19.00 op woensdae.

Cover Photo: Neil Nathan
Plant: Hennie van der Mescht
Interspecific.

3. Sommige saad ontkiem swak en is nie baie groeikragtig nie.
4. Kohinor wat by DIY beskikbaar is, lewer baie goeie resultate met die bestryding van wolluise; benat plante met mengsel. Word opgeneem en lewer langdurige sistemiese beskerming.
5. Knittex maak skadunet wat spesiaal vir clivias ontwerp is, lewer baie goeie resultate.
6. Alternatiewe raad vir wolluise- 2 teelepels wit asyn per liter water- bespuit plante.
7. Plante wat enkel multi-petal blomme het – gebruik stuifmeel van multi-petal blomme op multi-petal blomme.
8. Koos Geldenhuys- Self bestuif eers plant om eienskappe te versterk.
9. Plante wat in natuur voorkom, groei veral op rotse bedek met vrot blare.
10. Blomme van plante in natuur is groter as verwag.
11. Groot variasie in plante wat in die natuur voorkom, selfs in spesifieke areas.
12. Name van plante word verkeerdelik toegeken en gebruik. Saailinge word verkeerdelik dieselfde naam as moeder gegee ens.
13. In toekoms kan blare van skouweners moontlik gebruik word vir DNA profiel vir genetiese databasis.
14. Verseker dat plante genoeg lig kry om goeie blomvorming te verseker.
15. Beskerming teen wind belangrik om skade a.g.v. ryp te voorkom.
16. Laaste bemesting in April; bemesting op later stadium kan laat groei stimuleer wat beskadig kan word deur koue.
17. Om clivias uit groot potte (met moeilike vorms) te verwyder. Draai pot op sy sy, spuit mengsel met sterk stroom water uit. Verwydering kan vergemaklik word deur plant vir 2 weke te “verdroog” voor uithaal- dit veroorsaak inkrimping en plant behoort makliker los te kom.
18. Daar word gemaak dat resepte en wenke nie blindelings gevolg moet word nie- dit kan soms nadelige effekte hê.
19. Verwyder beskadigde en vrot wortels gedurende oorplant of verdeling tot teen stam, behandel wonde met blomswael of sporekill. As wortels slegs gedeeltelik verwyder word, kan res van wortel vrot. Sy-kous oor houertjie vergemaklik toediening van blomswael.
20. Volgens Charl Coetzee word vorming van suiers gestimuleer deur die afhaal van suiers en daarom beveel hy aan dat suiers so gou moontlik verwyder word.
21. Insekdoende ligte lewer goeie resultate met bestryding van wurms.
22. Die afgelope 4 maande was die reënval baie hoog, verliese a.g.v. wortelvrot was egter minimaal. Wil voorkom of wortelvrot nie net deur nat toestande veroorsaak word nie. Wortels ontwikkel selfs in water. Uiterstes tussen baie nat en baie droog moontlik meer bevorderlik vir wortelvrot. Kan moontlik wees dat spore onder nat toestande ontwikkel, maar dat gevolglike skade eers waargeneem word tydens die daarop volgende droër tyd. Duidelik dat wortelvrot deur verskeie faktore beïnvloed word.

Morkel Terblanche.
Sekretaris.

PLEASE NOTE

Subs for 2007 year are now due. Please forward R150.00 to the Treasurer, or Bank directly into the Clivia Club Bank Account.

Vrystaat Clivia Klub

Behandeling 3: Positiewe kontrole 2 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is sewe weke na planting toegedien (oor elke saailing gespuit).

Behandeling 4: Comcat 1 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is tydens planting toegedien (oor elke saad gespuit) en die saad is behandel met Comcat, 'n groeistimulant wat die plant vinniger sal laat ontwikkel.

Behandeling 5: Comcat 2 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is sewe weke na planting toegedien (oor elke saailing gespuit), terwyl die saad met planting behandel is met Comcat, 'n groeistimulant wat die plant vinniger sal laat ontwikkel.

Behandeling 6: Groeistimulant 1 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is tydens planting toegedien (oor elke saad gespuit) en die saad is behandel met 'n groeistimulant wat ook 'n swamdodende effek het.

Behandeling 7: Groeistimulant 2 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is sewe weke na planting toegedien (oor elke saailing gespuit), terwyl die saad met planting behandel is met 'n groeistimulant wat ook 'n swamdodende effek het.

Behandeling 8: *Trichoderma* 1 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is tydens planting toegedien (oor elke saad gespuit) en die saadbak is na planting bespuit met *Trichoderma*.

Behandeling 9: *Trichoderma* 2 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is sewe weke na planting toegedien (oor elke saailing gespuit), terwyl die saadbak na planting bespuit is met *Trichoderma*.

Behandeling 10: Kontrole - hierdie saadbak is normaal hanteer en het geen byvoegings gekry nie.

Met vier herhalings en bakke wat volgens 'n rekenaar ewekansig gerangskik is, het ons hier die "volmaakte" proef om te bewys hoe effektief *Trichoderma* en die groeistimulante is. Ons verwag dat ons aan die einde van die eerste jaar ongeveer 20% van die saailinge in behandelings 1 & 10 sal verloor weens wortelvrot (die verwagting spruit uit ondervinding oor die afgelope klompie jare). Die verwagting is verder dat behandelings 2 & 3 feitlik uitgeroei sal word deur die wortelvrot. Die enkele saailinge wat mag oorleef behoort 'n uitstekende bron te vorm vir verdere teling vir weerstandbiedendheid teen wortelvrot. Behandelingen waar wortelvrot swamspore met planting toegedien is behoort ook kwaai deur te loop onder wortelvrot waar die sewe week behandelings hoër oorlewingsyfers te toon (die saailinge behoort 'n voorsprong op te bou en beter weerstand te bied).

Dit is nou drie jaar later en daar is nog geen resultate nie! Om een of ander duistere rede het nie een enkele saailing wortelvrot opgedoen nie! Die wortelvrot spore is wel lewendig: indien hulle in 'n volwasse plant gespuit word, ontwikkel die plant wel wortelvrot. Ons kan nie die spore in die saailinge inspuit nie want dit sal die potensiele werking van *Trichoderma* teenwerk (die swam moet keer dat ander swamme indring – dus kan dit nie 'n spuitnaald keer nie).

Hierdie tipe frustrasie beleef ons dikwels met die navorsing op *Clivia*. Soos ons kennis van ons geliefde plant egter vermeerder, is die suksessyfer van ons navorsing al hoe beter. Ten spyte van hierdie teenspoed wat soms voorkom, bly dit heerlik om jou werk op jou stokperdjie te doen.

Opsomming van Wenke wat by die vergaderings van lede gekom het. (April 2006- April 2007)

1. Johan het waargeneem dat die blare van nobilis deur rotte gevreet word terwyl hulle geen skade aan ander spesies doen nie.
2. Verwyder en gooi alle albino's weg.

VRYSTAAT CLIVIA-KLUB

Ons Clivia-klub is uit die aard van sy samestelling gefokus op dië baie besondere plant en stel die lede hulle ten doel om die kweek van die clivia-plant te bevorder en so wyd moontlik aan natuur liefhebbers bekend te stel. Hiermee is reeds goeie welslae behaal en word daar jaarliks spog plante op die plaaslike skou vertoon. Honderde belangstellendes woon die skou by.

Die Klub het nou die stadium bereik waar sy lede hulle stempel begin afdruk binne die clivia-familie. So is prof. Johan Spies op die jongste jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Clivia-vereniging wat in Bloemfontein gehou is, tot nasionale voorsitter verkies - voorwaar 'n mooi prestasie vir hom as persoon maar ook vir ons Klub.

Die Vrystaatse Clivia- Klub wens hom die allerbeste toe. Mag sy kennis tot almal se voordeel strek.

'n Verkorte CV van prof. Spies word geplaas net om sy besondere bydrae tot die kweek van clivias te belig.

Die Redaksie

Clivias vir 2010

Dit is seker een van die koudste winters wat ons lanklaas beleef het. Die temperatuur was nie so laag nie ,maar dit is elke aand redelik koud.

Ons behoort dus hierdie jaar baie mooi blomme te hê. Ons moet regtig ons plante mooi versorg sodat ons 15 September 2007 mooi plante kan hê vir ons skou. Ek wil ons lede aanmoedig om plante te bring vir die skou; dit is tog 'n vertoonvenster vir die mooi plante wat ons lede het. Ons moet dit met mekaar deel.

Dit bring ons by die 2010 Wêreldkongres wat heel waarskynlik hier by ons gaan wees. Wat 'n wonderlike geleentheid sal dit nie vir ons lede wees nie . Ons moet nou alreeds beplan, sodat ons gereed sal wees om mense uit ander dele van ons land, maar ook oor die wêreld heen hier te ontvang.

Hierdie kongres sal die geleentheid aan ons lede bied om van hulle goeie plantmateriaal beskikbaar te stel aan besoekers. Om dit egter te doen, moet ons nou al die entoesiaste bekendstel aan watter mooi plantmateriaal hier beskikbaar sal wees. Gee plante name. Sit van u mooi plante op die internet. Goeie plante behaal goeie pryse, maar dan sal die plante bekend moet wees aan besoekers.

Kom met goeie voorstelle en idees, stel uself beskikbaar, sodat ons van hierdie geleentheid 'n groot sukses kan maak en daardeur ons VS Cliviaklub in die Cliviawereld kan vestig.

Baie voorspoed met die voorbereiding van u plante vir die nuwe blomseisoen. Ons sien uit daarna om te sien watter verrassings daar in die VS is.

Groete
Hennie

CV – Johan Spies

Johannes Jacobus Spies is op 24 Januarie 1952 te Harrismith gebore. Hy begin sy skoolloopbaan in 'n plaasskool naby Aberfeldy. Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Harrismith. Hy behaal 'n B.Sc. graad met Genetika en Dierkunde as hoofvakke aan die UOVS. Hy begin werk as 'n tegnikus in sitogenetika aan Tygerberghospitaal. Deur deelydse studie behaal hy 'n Mediese B.Sc. Honneursgraad in menslike sitogenetika aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1977 begin hy as graansorghum teler by SENSAGO in Lichtenburg werk, waar hy in 1980 sy M.Sc. aan die UOVS behaal met 'n verhandeling oor die verwantskappe in *Sorghum*.

In 1981 verhuis hy na Pretoria waar hy vir die Navorsingsinstituut vir Plantkunde werk. Hierdie navorsingspos bring mee dat hy in 1986 sy Ph.D. graad aan die UOVS behaal met 'n verhandeling oor verwantskappe tussen verskillende vorms van *Lantana camara*. Hy word ook bevorder tot Assistent Direkteur gedurende hierdie periode.

Gedurende 1989 sluit hy by die UOVS aan as dosent. Hy beklee tans die posisie van professor en is die vakhoof van Genetika. Hy is ook die Programdirekteur vir Biologiese Wetenskappe. Hy tree op as promotor vir 7 Ph.D. studente, as studieleier vir 17 M.Sc. verhandelings en 52 Honneursstudente. Tydens sy loopbaan het hy reeds 79 artikels in internasionale geakrediteerde vaktydskrifte gepubliseer. Hy het reeds meer as 120 lesings by vakkongresse gelewer. Vier keer is sy bydraes as die beste op die kongres vereer en een van sy artikels het hom die R.A. Dyer-prys vir die beste publikasie aan die N.I.P. besorg. Benewens bogenoemde bydraes het hy ook reeds meer as 20 populêr wetenskaplike artikels gepubliseer en verskeie lesings by skole, boereverenigings, studiegroepe en *Clivia*-klubs gelewer.

Hy is lid van 5 internasionale en 5 nasionale vakverenigings. Hy is tans president van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging en Voorsitter van die *Clivia* Vereniging. Hy dien ook op die kerkraad waar hy leier-ouderling van sy gemeente is en redakteur van die gemeente se maandelikse nuusbrief.

Sy belangstelling in *Clivia* het in die laaste dekade van die twintigste eeu begin toe hy 'n kwekery wat spesialiseer in inheemse bolplante wou begin. Tussen die plante was 'n paar *Clivia* plante en vinnig het dit die middelpunt van die kwekery geword met geen addisionele toevoegings tot die ander bolplante nie. Het het reeds drie kweekhuise gebou waarin meer as 5000 *Clivia* plantjies groei. Al sy nagraadse studente bestudeer tans verskillende aspekte van *Clivia*.



Prof Johan Spies

Clivia navorsing: vreugde of verdriet

Johan Spies

Bloemfontein

Dit moet hemel op aarde wees as jou stokperdjie en jou werk dieselfde ding is! Ek is een van die paar mense waar dit wel die geval is. My stokperdjie is 'n *Clivia*-boerdery en my werk is navorsing (wat ek op *Clivia* doen).

As wetenskaplike gries dit my soms om te sien hoe 'onwetenskaplik' mense soms te werk gaan met 'n eksperiment en dan die resultate as 'wetenskaplik' weergee. 'n Nuwe kunsmis kom bv. op die mark en 'n persoon gebruik dit op al sy/haar plante en verkondig daarna dat dit die wonderlikste produk op die mark is en die plante het so goed gegroei daarvan!

As jy werklik die kunsmis wil toets moet jy 'n goed ontwerpte eksperiment gebruik. Begin deur plante te gebruik wat geneties redelik eenvormig is. Verdeel dan die plante in minstens nege groepe. Die plante in elke groep moet lukraak gekies word, dus mag een groep nie groot sterk plante bevat terwyl 'n ander een net uit jong swak plantjies bestaan nie. Al die plante moet dieselfde tipe pot en grondmengsel kry. Drie groepe plante gaan die nuwe kunsmis kry (dieselfde konsentrasie vir almal), drie groepe gaan jou ou kunsmismengsel kry en drie groepe gaan geen addisionele kunsmis kry nie. Jy het dus nou drie herhalings van elke behandelingstipe. Elke herhaling gaan lukraak gerangskik word en sorg moet gedra word dat die hele eksperiment naastenby dieselfde behandeling (water, blootstelling aan lig, ens.) kry. Aan die einde van die eksperiment gaan elke groep soortgelyk behandel word. Jy kan bv. tel wat die gemiddelde toename in aantal blare, toename in gemiddelde blaargrootte of toename in gewig was. Deur die groepe wat jou ou bemestingsprogram gekry het se toename teenoor die kontrole (plant met geen addisionele kunsmis nie) te vergelyk met die toename van die plante met die nuwe bemesting teenoor die kontrole, kan jy werklik sien of die nuwe kunsmis beter was as jou oue. Om die eksperiment nog meer betroubaar te maak kan die resultate statisties verwerk word om te sien of die verskil betekenisvol is.

Uit hierdie kunsmatige eksperiment sien mens dat baie aannames in die *Clivia* bedryf nie op wetenskaplike feite berus nie. Verder word daar nie gelet op alle faktore nie. In bostaande eksperiment kon die toename in blaargrootte bv. betekenisvol beter gewees het met die nuwe kunsmis. Die plante met die groter blare kon eger swakker blomme gelewer het of dalk selfs glad nie geblom het nie. In enige eksperiment moet dus na verskeie faktore gekyk word en dikwels word iets beïnvloed waaraan daar nie eers gedink is nie.

Teen die einde van 2004 het ek gehoor van *Trichoderma*, 'n swam wat jy op jou plante gooi en wat dan sorg dat geen ander swamme op die plante groei nie. Blykbaar is *Trichoderma* 'n swam wat op ander swamme teer en geen skade aan jou plant doen nie. As hierdie middel wel werk beteken dit die einde van wortelvrot en kroonvrot in *Clivia*.

Ek beplan toe 'n yslike eksperiment om die werking te toets. Vir die eksperiment is 1600 sade gebruik van geneties ooreenstemmende *Clivia* plante. Die sade (40 per bak) is in 40 saadbakke geplant volgens die metode wat ek gewoonlik vir my saad gebruik. Die saadbakke vorm vier verskillende herhalings van 10 verskillende behandelings.

Behandeling 1: Negatiewe kontrole - gedistilleerde water is toegedien elke keer as 'n behandeling op die ander plante toegedien is.

Behandeling 2: Positiewe kontrole 1 - 'n hoë konsentrasie wortelvrot-spore is tydens planting toegedien (oor elke saad gespuit).